Meltwater
Outside Insight



**Publication:** Landbouweekblad - Inside
**Title:** Droogte en hitte raak krisis vir saaiboere
**Publish date:** 07 Mar 2024
**Page:** 22

**Reach:** 11761
**AVE:** R 48215.57
**Author:** Vida Booysen,Suzanne Venter en Lloyd Phillips



# Droogte en hitte raak krisis vir saaiboere

Teen druktyd was daar distrikte in die somersaaigebied waar dit op 10 Januarie laas gereën het en oeste by die dag verdor namate El Niño sy houvas verstewig.



Droewig. Mielies in die Delareyville-omgewing in die derde week van Februarie. Gewoonlik staan hulle dié tyd van die jaar al 2 m hoog met vol ontwikkelde koppe. *FOTO: SUZANNE VENTER*

**HITTEGOLWE** só fel dat dit selfs oeste wat onlangs reën gehad het, bedreig het, is vererger deur skrapse of ondergemiddelde reënvooruitsigte tot vroeg in Maart.

Boere wat deur droogte geraak is, hoop om darem die koste van hul insette te dek, maar sê daar is nie sprake van groot oeste nie. Die versengende hitte laat gesaaides kwyn.

Die hele Vrystaat en Noordwes, en selfs dele van Mpumalanga soek dringend reën, sê dr. Werner Rossouw, direkteur en handelaar van Silostrat. "Die probleem vanjaar is dat daar distrikte is waar aanplantings steeds baie goeie potensiaal het, maar ander wat in dié stadium swaar trek weens ondergemiddelde reënval."

"Dit raak nou baie laat – daar is oeste wat nie meer gered kan word nie, selfs al reën dit nou," sê Derek Mathews, voorsitter van Graan SA se direksie en boer van Sannieshof in Noordwes. Veral die weste van die provinsie word kwaai geraak.

"Alles wes van Lichtenburg af is baie swak en dié oeste sal nie meer deur reën gered word nie. Baie boere sal gelukkig wees om een ton per hektaar te stroop."

"Dit was in 2015 laas só warm en droog hier by ons," sê Jozeph du Plessis, Graan SA-streeksvoorsitter vir Schweizer-Reneke wat met katoen, mielies en soja boer. Op sy grond het die reënval sedert 1 September gewissel van 180 mm tot 270 mm, teenoor die normale 350 mm.

Boere in die streek het baie moeilik geplant, want dit het min gereën in November en Desember. Hulle hoop vir reën so gou as moontlik.

Dr. Tobias Doyer, uitvoerende hoof van Graan SA, het onlangs op die organisasie se streeksvergadering op Migdol opgemerk dat dit na 'n tipiese El Niño-seisoen lyk met die droogte wat plek-plek toeslaan.

"Toe ek en my kollegas van Pretoria af hierheen gery het, het ons verby mielielande gery waar dit pragtig groen is aan die een kant van die pad en droog aan die ander kant."

## Hoëveld op naaldpunt

Teen laat-Februarie was die Mpumalanga-hoëveld op die punt om groot skade te ly, volgens Frik Verster, afslaer en hoof van BKB Van Wyk op Standerton. "Die weer is baie moeilik. Dis geweldig warm by ons en as dit onweer is, reën dit nie eintlik nie. As dit reën, val dit net kol-kol. As dit nou begin reën, kan dit nog help vir die mielies wat steeds groen is, maar baie van die mielies is reeds dood. Van die mielies wat wel bestuif het, maak nie pitte nie. Daar is net nie genoeg vog nie."

Gebiede wat swaarkry, sluit in Standerton, Balfour, Greylingstad, gedeeltes van Devon en Morgenzon. Tog lyk dele van die distrik Ermelo, asook Amersfoort beter.

Danie Bester boer in die distrik Balfour en sê veral sy sojabone het erg deurgeloop onder die droogte. "Daar is 'n gedeelte wat ek nie eens gaan stroop nie – dis heeltemal dood."

Soos elders in die somersaaigebied val die reën oor klein gebiede. "Jy kan vir 'n kilometer mooierige mielies sien en dan is daar letterlik niks. Dis net die mielies wat vroeg geplant is, wat moontlik 'n opbrengs kan gee. Die res lyk regtig nie goed nie; bestuiwing was uiters swak."

## 'Jaloersbuie'

In die Vrystaat het die watertafelgrond in die sentraal-westelike dele tussen Bultfontein en Bothaville goeie potensiaal, sê Rossouw. "Ná vier bogemiddelde reënseisoene waartydens die grondvog opgebou het, lyk die watertafelgrond goed."

Selfs die watertafelgrond kan swaartrek as dit nie binne die volgende week reën nie, sê Danie Minnaar, Noord-Vrystaatse boer. "Grond kan hoe diep wees; gewasse kan net só lank groei met opgegaarde vog."

## Beurtkrag eis sy tol

Reën is ook dringend nodig in

www.meltwater.com/za | Cape Town: +27 21 838 5100 | Johannesburg: +27 11 028 2172 | Copyright © Meltwater News (Pty) Ltd.

**Publication:** Landbouweekblad - Inside
**Title:** Droogte en hitte raak krisis vir saaiboere
**Publish date:** 07 Mar 2024
**Page:** 23
**Reach:** 11761
**AVE:**R 24185.30
**Author:** Vida Booysen,Suzanne Venter en Lloyd Phillips

KwaZulu-Natal. "Dit is baie droog en dié van ons wat kan besproei, sukkel ook om ons spilpunte aan die gang te hou te midde van beurtkrag. Selfs as Eskom-krag weer aankom, is dit dikwels op laer vlakke as gewoonlik. Ons kragopwekkers loop dus gedurig," sê Egon Zunckel, wat tussen Bergville en die Drakensberg-platorand boer.

Hoewel hy goeie reën in Desember en Januarie gehad het, is daar tot dusver in Februarie nog net 26 mm aangeteken.

Ralf Küsel, wat in die distrik Paulpietersburg boer, sê hoewel hulle mooi neerslae gehad het, was die reën deur sporadiese buie gekenmerk.

"Met die hittegolf wat nog die volgende paar dae gaan voortduur, sal die landerye wat min reën gehad het, hittestres ondervind. In die algemeen lyk die vooruitsigte vir ons distrik egter nog goed."

Peter Louwrens van Cedarville in die Oos-Kaap sê die oeste het regtig goed gelyk, maar die afgelope vier weke se aanhoudende hitte begin sy tol eis. "Ons kry nie eens sporadiese reënbuie hier nie. Dis net warm en droog. Die situasie is nog nie kritiek nie, mits ons binne die volgende week tot 10 dae reën kry."

Een ligpunt is die Springbokvlakte in Limpopo, waar boere tot dusver 'n goeie seisoen beleef, sê Willem Groothof, streekverteenwoordiger van Graan SA in Limpopo. "Daar is kolle wat droog is, maar ek wil amper sê 70% tot 80% lyk in hierdie stadium baie goed." LBW

www.meltwater.com/za | Cape Town: +27 21 838 5100 | Johannesburg: +27 11 028 2172 | Copyright © Meltwater News (Pty) Ltd.